

Brambles

Groepriglyne vir die beleid oor aanmelding van ernstige voorvalle

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

GROEPRIGLYNE VIR DIE BELEID OOR AANMELDING VAN ERNSTIGE VOORVALLE

Verantwoordelikheid vir die bestuur van ernstige voorvalle berus by daardie bestuurders wat die naaste aan die probleem is. As enige gebeurtenis egter voorkom wat die potensiaal het om tot beduidende negatiewe gevolge vir mense, eiendom of die reputasie van Brambles as 'n verantwoordelike korporatiewe burger te lei, moet dit aan senior bestuur gekommunikeer word om sodoende die regte hulpbronne te mobiliseer om die probleem te hanter.

Vir hierdie doeleinde is 'n ernstige voorval een wat een of meer van die volgende behels (of selfs net die potensiaal het om dit te behels):

- Sterfte onder die arbeidsmag, kontrakteurs of die publiek;
- Voorvalle wat tot ernstige omgewingskade lei (of potensieel daartoe lei);
- Werklike of poging tot die omseiling van rekeningkundige beleide, interne rekeningkundige of ouditeringsaangeleenthede, waaronder bedrog of doelbewuste foute in die voorbereiding, evaluering, hersiening of ouditering van Brambles se finansiële rekords, of wanvoorstellings of vals verklarings oor aangeleenthede wat in Brambles se finansiële rekords, finansiële verslae of ouditverslae vervat word;
- Werklike of potensieel onwettige optrede, of bedrog of belangebotsings;
- Werklike of potensiële oortredings van die Amerikaanse wet op buitelandse korrupte praktyke (US Foreign Corrupt Practices Act), Brittanie se wet op omkopery (UK Bribery Act) of enige ander wetgewing verwant aan teenomkopery of korruksie;
- 'n Klopjag met sonsopkoms of ander navraag deur 'n reguleerde of plaaslike wetstoepassingsagentskap, en
- Voorvalle wat lei tot (of potensieel lei tot) beduidende negatiewe media- of openbare aandag, strafregtelike vervolging of groot gedingvoering, beduidende bedryfstydverlies, of eiendomskade of finansiële aanspreeklikheid (ná versekering) van meer as 400 000 Britse pond, 500 000 Amerikaanse dollar, 1 000 000 Australiese dollar of 600 000 euro.

Al sulke voorvalle moet aan die **uitvoerende beamppte verantwoordelik vir die perseel** gekommunikeer word wat u **onderneming se president of UHB** sal inlig, asook die volgende mense:

- Groepleerder
- Groepvisepresident, interne audit en risiko
- Hoof van dieregsafdeling en groepmaatskappysekretaris

Wanneer die hoof van dieregsafdeling van 'n ernstige voorval bewus word, sal hy of sy Brambles se uitvoerende hoofbeamppte en die oorblywende lede van die uitvoerende leierspan inlig en adviseer, soos gepas is.

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie riglyne.

Die hoof van dieregsafdeling en die groepmaatskappysekretaris sal minstens een maal per jaar hierdie riglyne uit 'n regs- en operasionele oogpunt nagaan en moet verseker dat alle werknemers gereeld en gepaste opleiding ondergaan.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie riglyne. Brambles skep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie riglyne het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief

Groepriglyne vir die beleid oor aanmelding van ernstige voorvalle

met u lynbestuurder of enige lid van dieregs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-huldyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie riglyne geopper word nie. Brambles is daar toe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.